**20 Augustus** **Skrifgedeelte: Matteus 25:31-46**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:7**

## Geseënd is die barmhartiges

Ek wonder of daar al so 'n tyd in ons geskiedenis was waar barmhartigheid so in aanvraag was soos wat tans die geval is? Daar word soveel projekte geloods en geld ingesamel vir die toenemende nood in ons land en in die wêreld, en tog lyk dit of die behoeftes net groter word. Eintlik is die nood so groot dat 'n mens lus het om handdoek in te gooi en te wonder of dit wat ek doen enigsins 'n verskil maak. As ons bloot as gewone mense met mekaar hieroor gepraat het, sou ons maklik moed opgegee het. Ons is egter nie net gewone mense nie. Ons is mense wat die barmhartigheid van God ontvang het. Ons het self dringende en voortdurende hulp nodig. Ons nood is nie net beperk tot kos en klere nie, maar het ook te make met ons geestelike nood.

As die Here Hom nie in sy barmhartigheid oor ons ontferm het nie, sou ons nie kon bestaan nie en sou ons vir ewig verlore gewees het. Petrus verseker ons (1 Pet 1:3): "In sy groot barmhartigheid het Hy egter aan ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood."

Daarom kan ons nie anders as om barmhartig te wees nie. Salig is jy dus wat reeds barmhartigheid ontvang het en wat teenoor ander barmhartig is, want jy sal meer barmhartigheid ontvang. Om barmhartig te wees, beteken om die nood van ander te sien, om daardeur geraak te word en om dan tot aksie oor te gaan om die nood te verlig.

Hoe gaan jy vandag die liefde van Christus, wat jy ontvang het, aan ander te bedien?

*Sing: Psalm 103:1, 2* *Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)*